# KwartaalKlets 5 van 2026

Geagte Ranthart-ouers

Welkom terug na 'n wonderlike wintervakansie! Ek vertrou dat u en u gesin 'n welverdiende ruskans geniet het.

Hiermee deel ek graag nuus asook ander inligting oor alles wat hierdie kwartaal by die Ranties voorlê.

**1. Super 12-seunskrieket**

Laerskool Randhart het 'n uitstekende 2026 Super 12-toernooi beleef en kan met trots terugkyk op die prestasies van beide die o.11A- en 1ste krieketspan.

Die o.11A-span is as wenners van die Super 12 gekroon, nadat hulle eerste in hul groep geëindig het. Hulle het oorwinnings teen Helderkruin, Kenmare en Wierdapark behaal, voordat hulle Elarduspark in die halfeindstryd geklop het. In die eindstryd het hulle Constantiapark verslaan om as kampioene gekroon te word.

Die 1ste span het ook 'n uitstekende toernooi gehad en algeheel 6de geëindig. Hulle het gelyk geëindig op punte in hul groep, maar het ongelukkig weens die paaltjieverskil nie vir die eindstrydgroep gekwalifiseer nie. Die span het sterk oorwinnings teen Mooirivier, Goedehoop en Orion behaal. Daarna het hulle teen Hennopspark in die halfeindstryd gespeel en uiteindelik teen Menlopark in die uitspeelwedstryd om die vyfde en sesde plek vasgeval. Opmerklik is dat drie van die span se wedstryde met slegs een paaltjie beslis is – 'n bewys van die hoë gehalte en mededingendheid van die toernooi.

Laerskool Randhart het 9 van hul 11 wedstryde gewen en algeheel 3de uit 20

deelnemende skole geëindig. Hierdie prestasie getuig van die harde werk, toewyding en spangees van ons spelers en afrigters. As skool is ons besonder trots op hierdie uitsonderlike prestasie en sien uit na 'n suksesvolle ligaseisoen.



## 2. Werksaamhede op die terrein

'n Groot hoeveelheid werk is gedurende die afgelope vakansie op ons skoolterrein afgehandel. Hierdie verbeterings dra nie net by tot die gladde funksionering van die skool nie, maar skep beslis ook 'n verbeterde en veiliger leeromgewing vir ons kinders.

Die volgende werk is voltooi:

- Rugbypale se fondasies is verwyder en oorgegooi. Die pale is ook behandel en geverf.
- Spreiligte is verwyder, gediens en weer geïnstalleer. Die spreiligpale is ook geverf.
- Die Rakkers se dakke is skoongemaak, geseël en geverf.
- Die Rakkers se seunsbadkamer is opgeknap.
- Kameras is langs die skoolheining geïnstalleer om sekuriteit verder te verbeter.
- Twee nuwe skuifhekke met geplaveide opritte is geïnstalleer – een in Meredystraat en een in Jackstraat.
- 'n Staaltrap is teen die wal geïnstalleer en die area is geplavei om by die bestaande

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig
Skool van uitnemendheid
Regverdigheid
Uitnemendheid
INTEGRITEIT
Respek
Vat so!

plaveisel aan te sluit.

- Die personeelkamer se afdak is aan die suidekant vervang en geseël.
- 'n Nuwe IBR-afdak is by die personeelkamer se vierkant opgerig.
- Elektrisiteit is aangelê vir die installering van lugversorgers by die Rakkers.
- 'n Keermuur, plaveisel en heining is in die vierkant voor me. Cloete en kollegas se klasse aangebring.
- Die meeste bome op die skoolterrein is professioneel gesnoei.
- Die dakke van die pawiljoene en veeldoelige lokaal is skoongemaak en geverf.
- Spreiligte is by die onderdak-area sowel as die oop veeldoelige bane geïnstalleer.
- Al die brandslange is gediens.
- Die Dinkskrum se vloer is oorgeteël.

Baie dankie aan mnr. Patrick Moroney (Beheerliggaam) en mnr. Ettienne Terblanche (Logistieke Bestuurder) vir hul bekwame leiding en toesig oor hierdie projekte. Julle toewyding, tyd en harde werk word opreg waardeer en maak 'n betekenisvolle verskil tot die voortdurende verbetering van Laerskool Randhart.

**3. Koor**

Mnr. Johan Bester, ons koorbegeleier en -afrigter, het na twee jaar besluit om sy betrokkenheid by die skoolkoor te beëindig. Oorsese kontrakte wat onlangs op sy pad gekom het, verg toenemend meer van sy tyd en aandag.
Ons wil mnr. Bester opreg bedank vir die waardevolle bydrae wat hy die afgelope twee jaar tot ons koor en ons leerders gemaak het. Sy passie, toewyding en musikale leiding het 'n blywende indruk gelaat en 'n belangrike rol gespeel in die uitbou van Randhart se trotse koortradisie.
Ons wens mnr. Bester alle voorspoed en seën toe met hierdie nuwe hoofstuk in sy loopbaan.

Die pos van koorbegeleier is tans vakant. Ons wil ouers en die gemeenskap egter verseker dat die skoolbestuur reeds met erns besig is om 'n geskikte opvolger aan te stel. Ons doel is om voort te bou op die sterk grondslag wat gelê is, asook om die sukses van ons koorfees – wat vanjaar vir die eerste keer aangebied is – verder uit te bou.

**4. Netbal**

Ons o.12-netbaldogters het van 23 tot 25 Julie in Middelburg aan die Suid-Afrikaanse Skole Netbalkampioenskappe deelgeneem. Gedurende die toernooi het die span nege wedstryde gespeel teen van die sterkste skole in die land. Die hoogtepunt van die naweek was toe die dogters in hul finale wedstryd teen Gauteng se goue medaljewenners te staan gekom het en die wedstryd met 'n oortuigende telling gewen het. Na drie dae van intense kompetisie het die span 'n uitstekende 11de plek uit 48

deelnemende skole behaal.
Ons is besonder trots op die dogters se deursettingsvermoë, spanwerk en sportmangees waarmee hulle Laerskool Randhart verteenwoordig het.




## 5. Ranties Tuimel – 'n Seisoen vol spronge na sukses!

Ons Ranties Tuimel-gimnaste het die 2026-seisoen met groot entoesiasme en indrukwekkende prestasies afgeskop. Met elke kompetisie bewys hulle dat harde werk, deursettingsvermoë en 'n liefde vir die sport werklik vrugte afwerp.

Ons is besonder bevoorreg om twee uitstekende tuimelklubs te hê wat ons gimnaste met soveel passie, toewyding en kundigheid afrig – Alberton Twisters en Tumblewrx. Julle harde werk agter die skerms, ure se oefening en geloof wat julle in elke gimnas plaas, maak 'n wêreld se verskil. Baie dankie dat julle help om ons Rantie-gimnaste se drome te verwesenlik!

By die SAA Cup en Eagles Cup het ons gimnaste uitstekend gevaar. Lerie Swanepoel het by die SAA Cup uitgeblink met ongelooflike eerste plekke in *Bench*, Trampolien én Tuimel. Nicole Naudé het by die SAA Cup ŉ eerste plek in Tuimel en by die Eagles Cup ŉ derde plek verower, terwyl Ané de Jager haarself oortref het deur van 'n derde plek na 'n eerste plek in Tuimel te verbeter. Kean Swanepoel het ook uitstekend gevaar met tweede plekke in *Bench* en Trampolien en 'n derde plek in Tuimel. Mila Gomes, Emy Vogel, Carli le Roux, Jessica du Plessis en Lua-Mé Klingbiel het almal ook podiumplekke behaal en die Rantie-naam met trots hoog gehou.

Ons Tumblwrx GSA-gimnaste het net so uitstekend gevaar. Baie geluk aan die volgende gimnaste wat pragtige uitslae behaal het en met Ekurhuleni Distrikskleure

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig
Skool van uitnemendheid
Regverdigheid
Uitnemendheid
INTEGRITEIT
Respek
RANTIES
Vat so!

vereer is:
Vlak 1: Johanè de Kok, Milah McGeer en Karlè Esterhuizen
Vlak 2: Luanè de Bruyn
Vlak 3: Elzè Ferreira, Qumè Jansen van Vuuren, Evan Esterhuizenen en Lu-Mari Hatting.

Hulle berei nou voor om Ekurhuleni op 22 Augustus tydens die Gauteng-kampioenskappe te verteenwoordig.

Ons wens ons Vlak 4-gimnaste nl. Cara van Lamp en Elzeree Hatting asook ons Vlak 5-gimnaste nl. Kaylin Cartens, Amelia Groenewald en Erin Fourie baie sterkte toe. Hulle oefen ywerig vir die Gautengkampioenskappe met die doel om vir die Nasionale Kampioenskappe in die Wes-Kaap te kwalifiseer en moontlik hul Gautengkleure te verwerf – 'n besondere prestasie waarop elke gimnas trots kan wees.

Aan elke Rantie-gimnas: Julle deursettingsvermoë, dissipline en passie inspireer ons elke dag. Ons is ongelooflik trots op elke prestasie en sien met opgewondenheid uit na wat die res van die seisoen gaan inhou.

**6. Skole Gimnastiekkampioenskappe**

Baie geluk aan al ons Junior Skool Artistiese Gimnaste (Vlak 1 – 3) met 'n uitstekende vertoning tydens vanjaar se Skole Gimnastiekkampioenskappe! Die kompetisie was vanjaar besonder sterk met 43 skole wat deelgeneem het. Slegs die top 10-skole wat aan die kwalifiserende vereistes voldoen het, het die voorreg gehad om vir die gesogte Algehele Skooltrofee mee te ding.
Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat Laerskool Randhart algeheel 'n uitstekende 6de plek behaal het – 'n besonderse prestasie teen van die sterkste gimnastiekskole in die provinsie. Hierdie uitslag getuig van ons gimnaste se harde werk en toewyding asook die passie waarmee hulle hul skool verteenwoordig.
'n Hartlike gelukwensing aan elke gimnas wat met trots, sportmangees en vasberadenheid die Rantie-kleure gedra het.

Ons sien nou met groot opgewondenheid uit na ons Intermediêre- en Senior Skool-gimnaste (Vlak 4 – 9 en klas 0 – 2) wat vanaf Julie tot Oktober aan die Skole Gimnastiekkampioenskappe gaan deelneem. Ons wens julle baie sterkte toe vir die res van die seisoen en weet dat julle die Rantie-naam met trots sal uitdra.

Verdere inligting oor individuele uitslae, prestasies en plasings sal met ons skoolgemeenskap gedeel word, sodra ons dit ontvang. Ons wag tans vir die afhandeling van die Senior Skole Gimnastiekkampioenskappe, voordat die finale

uitslae en algehele plasings van ons gimnaste bevestig word.

7. **Ruiters**

Ons Rantie-ruiters hou aan om ons met trots te vul! Baie geluk aan al ons ruiters wat met harde werk en deursettingsvermoë uitstekende prestasies behaal het.

Baie geluk aan die volgende Rantie-ruiters wat gekies is om Ekurhuleni te verteenwoordig.

Alison Smit
- A-span: Equitation
- A-span: Jumping Competition
- A-span: Jumping 2 Phase
- A-span: Performance Riding
- B-span: Working Hunter
- B-span: Working Riding

Makayla van Greuning
- A-span: Equitation
- A-span: Jumping Competition
- A-span: Jumping A2
- A-span: Working Hunter

Lene Bester
- B-span: Jumping Competition
- B-span: Jumping Other

Ava Myburgh
- A-span: Jumping 60 cm Competition
- A-span: Jumping 60 cm Other
- A-span: Jumping 50 cm Competition
- A-span: Jumping 50 cm Other
- B-span: Prix Caprilli
- B-span: Equitation
- B-span: Working Hunter

Ashton Cefferty
- A-span: Jumping Competition
- A-span: Jumping Other
- B-span: Working Riding

René Wessels

- A-span: Jumping 70 cm A2
- A-span: Jumping 70 cm 2 Phase

Mackenzie Taute

- B-span: Dressage

Die volgende ruiters het ook aan die Gautengfinaal deelgeneem en uitstekende uitslae behaal.

Ashton Cefferty & Apollo

- 9de – 50 cm Jumping
- 11de – 50 cm Jumping
- 15de – Working Riding

Makayla van Greuning & Mushka

- 5de – 80 cm 2 Phase Show Jumping
- 6de – 80 cm Other Show Jumping
- 5de – 80 cm Equitation
- 6de – Working Hunter

René Wessels & Crossways

- 10de – 70 cm A2 Competition Jumping

Ava Myburgh

- 2de – 50 cm 2 Phase Jumping
- 6de – 50 cm A2 Jumping
- 6de – Working Hunter
- 12de – Equitation 60 cm

Alison Smit

- 3de – Performance Riding
- 6de – Working Riding
- 7de – Equitation 60 cm
- 7de – Working Hunter

Mackenzie Taute

- Het aan Dressage Vlak 1 deelgeneem en 'n uitstekende 15de plek behaal.

Lené Bester

- 12de – 50 cm Jumping A2 Competition

- Ongelukkig het die perd afgekom tydens die 50 cm fase 2. Soms leer 'n mens die meeste uit die uitdagende oomblikke. Lené het groot deursettingsvermoë en ware sportmangees getoon deur aan te hou en waardevolle ervaring op te doen. Ons is trots op haar vasberadenheid en sien uit na nog vele suksesvolle rondtes in die toekoms.

Ons harte bars van trots oor die volgende ruiters wat daarin geslaag het om 'n plek in die 2026-Gautengspan te verower!

Makayla van Greuning

- Equitation – B-span
- Showjumping – B-span
- Showjumping (Other) – B-span
- Working Hunter – B-span

Alison Smit

- Working Hunter – B-span
- Working Riding – B-span
- Equitation – B-span
- Show Riding – A-span

Ava Myburgh

- Working Hunter – B-span
- Equitation – C-span
- Showjumping – A-span
- Showjumping (Other) – B-span

Ashton Cefferty

- Showjumping – C-span
- Showjumping (Other) – C-span

Lené Bester

- Showjumping – C-span

René Wessels

- Showjumping – C-span

Baie geluk aan elke Rantie-ruiter en hul perde met puik prestasies. Julle is 'n ware

inspirasie en die hele Rantie-familie is trots saam met julle.

### 8. RANTIES POM-POMS – SILWER MET ’N GOUE HART!

Wat ’n dag! Ons Ranties Pom-Poms het hul harte, energie en soveel maande se harde tydens die FDDCMSA Nasionale Kampioenskappe ten toon gestel en met ’n ongelooflike 2de plek huis toe gekom!
Die dag was lank, die kompetisie was taai en die druk was groot, maar hierdie meisies het gewys hoe die Ranties dinge doen. Agter daardie twee optredes lê ure se oefening, sweet, opoffering, vroeë oggende, deursettingsvermoë en nooit-opgee-nie.
Elke glimlag en elke beweging het ’n storie vertel van ’n span wat bereid was om hard saam te werk.
’n 2de plek op nasionale vlak is nie sommer net nog ’n medalje nie – dit is die resultaat van toewyding, spanwerk, passie en ’n ongelooflike wil om te presteer.

Ons is ongelooflik trots op elkeen van ons Ranties Pom-Poms. Julle het nie net ’n silwer medalje gewen nie; julle het vir ons gewys wat gebeur wanneer ’n groep meisies saamstaan, saam droom en saam hard werk.




### 9. Super 12 Swem

Swem was die enigste Super 12-sportkode waaraan ons as skool nog nie deelgeneem het nie. Die formaat van die kompetisie is egter aangepas en ons het vanjaar die goeie nuus ontvang dat ons ook aan hierdie gesogte byeenkoms kan deelneem.
Alhoewel swem by die Ranties steeds in die ontwikkelingsfase is, het ons die uitnodiging met groot entoesiasme aanvaar. Ons vertrou dat hierdie waardevolle blootstelling nie net ons swemmers sal inspireer nie, maar ook 'n betekenisvolle bydrae sal lewer tot die verdere groei en ontwikkeling van die sport by ons skool.
Die Super 12-swembyeenkoms vind op **17 Oktober** plaas. Ons sien met opgewondenheid uit na hierdie nuwe uitdaging.

### 10. Ranties staan saam vir ’n goeie doel!

Wat ’n ongelooflike suksesvolle uitreik! Ons wil graag ’n baie spesiale woord van dankie sê aan elke ouer, leerder en lid van ons breër Ranties-gemeenskap wat met oop hande en vrygewige harte bygedra het tot ons DBV- en SANParke K9-eenheid-uitreik.

Ons was bevoorreg om ’n spesiale besoek van die SANParke K9-eenheid te ontvang. Een van hul ongelooflike honde, Ruth, het die Ranties kom wys presies hoe intelligent en goed opgelei hierdie spesiale honde is. Die leerders kon eerstehands sien hoe Ruth geleer word en hoe belangrik haar rol in die bekamping van wildmisdaad is. Ruth het ons sommer weer laat besef hoe waar die bekende gesegde is: “’n Hond is ’n mens se beste vriend.” Wat ’n besonderse ervaring om te sien hoe mens en hond saamwerk en mekaar vertrou en verstaan.
Danksy die ongelooflike ondersteuning van ons Ranties-gemeenskap kon ons met groot trots R10 000,00 aan die SANParke K9-eenheid skenk. Hierdie bydrae sal gebruik word om hul belangrike werk in die bekamping van stroping te ondersteun.

Ons kon ook ’n groot hoeveelheid kos aan die Alberton DBV skenk en ons is verheug om te kan sê dat daar nog skenkings gedurende die komende week gemaak sal word. Hou gerus ons Facebookblad dop vir meer nuus en foto’s.

Hierdie uitreik sou absoluut onmoontlik gewees het, sonder ons onbaatsugtige ondersteuningsisteem – ons ouers, leerders en die breër Rantie-gemeenskap. Julle bereidwilligheid om te help, te gee en met vrygewige harte by te dra, maak ’n wêreld se verskil.

Die Ranties maak met trots ’n verskil!






## 11. Super 12-landloop – 'n dag om op trots te wees!

Laerskool Randhart het op Saterdag 1 Augustus aan die Super 12-landloop by Prime View in Modderfontein deelgeneem. Ons atlete het uitmuntend gevaar en algeheel 5de uit 22 deelnemende skole geëindig – 'n besondere prestasie!

Individuele prestasies:
Johan Hattingh – 1ste plek (seuns o.12)
Anroux Nel – 2de plek (seuns o.11)
Mila Pretorius – 3de plek (dogters o.11)

Spankompetisie:
o.11-dogters – 1ste plek
o.11-seuns – 1ste plek

Baie geluk aan elke atleet wat met trots die Rantie-kleure verteenwoordig het. Baie dankie aan ons afrigters, ouers en ondersteuners vir julle onmisbare bydrae. Ons is ongelooflik trots op elke Rantie!




## 12. Inskrywings 2027

### Graad 1-inskrywings

Die Gauteng Departement van Onderwys se proses met betrekking tot die 2027-

aanlynregistrasie vir graad 1's skop op 5 Augustus om 08:00 af en sluit op 4 September om 00:00. Voornemende graad 1-ouers word versoek om nie hiermee te talm nie en sommer vinnig te spring om u kind se plekkie by Laerskool Randhart te verseker.

'n Video in die verband is op die reeds gestigte WhatsApp-groep, grade se WhatsApp-groepe asook ons Facebookblad gedeel om die proses stap-vir-stap aan u te verduidelik. Maak seker dat u reeds voor 5 Augustus alle gewaarmerkte dokumentasie gereed het, aangesien dit op die registrasieplatform (gdeadmissions.gov.za) gelaai moet word.

Indien u uitdagings ervaar wat die waarmerk van dokumente betref, is die skool beskikbaar vir hierdie doel. Ons is ook vanaf 5 Augustus daagliks vanaf 08:00 tot 14:00 beskikbaar om u persoonlik behulpsaam te wees met die aanlynregistrasieproses. Indien u enige navrae in die verband het, kan u die skoolkantoor by 011 864 5110 skakel of 'n e-pos aan mnr. Boucher by mboucher@randhartlaer.co.za rig.

Ons sien reeds met afwagting uit na al die nuwe ouers en hul kosbaarste besittings wat in 2027 by ons gaan aansluit.

**Graad 8-inskrywings**

Ons graad 7-ouers moet asseblief ook kennis neem van bogenoemde aanlynregistrasieproses om hulle kinders se plek vir 2027 in die hoërskool te verseker.

**Graad RRR- tot R-inskrywings**

Na afloop van ons Ekspo vroeg in Mei het ons reeds 'n oorweldigende klomp aansoeke vir die Rakkers ontvang en die inskrywings groei daagliks. Om teleurstelling te voorkom, moedig ons alle ouers met 4 tot 6-jariges om u kleuter se plekkie vir 2027 te verseker deur die inskrywingsvorm so gou moontlik by Rakkers se administratiewe kantoor in te handig. Indien u nie die Ekspo bygewoon het en in besit is van 'n inskrywingsvorm nie, kan u gerus ons webblad (randhartlaer.co.za) besoek en by '*Word 'n Rantie'* die inskrywingsvorm vir 2027 aflaai en voltooi.

Indien u familie, vriende of kennis het wat op soek is na 'n koesterende en liefdevolle leeromgewing vir hul kleuter, kan u gerus bogenoemde inligting met hulle deel om so gou moontlik vir 2027 in te skryf.




Mag ons in hierdie kwartaal **saam hande vat** – ouers, opvoeders en skoolgemeenskap – om ons kinders aan te moedig om elke dag hul beste te lewer. Dit is die daaglikse klein, getroue pogings wat uiteindelik groot groei en sukses meebring.

Rantie-groete.

D F Venter
Skoolhoof

# New Cafè in town!

Manna Café
Psalm 78:24




6:30 AM
—
5:00 PM

Grab a coffee, meet a friend, enjoy a freshly baked treat, or take a quiet moment to reflect, our doors are open and our coffee is brewing.

8 Ray, street
Randhart

068 233 1144

Visit us today!

ALEX HOLDER
PRODUCTIONS